Windhoek Afrikaanse Privaatskool

Memo

Dinamies. Gefokus. Suksesvol.

INDIVIDUELE- EN GROEPLESSE IN MUSIEK VIR 2023

Musieklesse word vanaf middel Januarie tot November aangebied. Lesse sal gedurende klastyd plaasvind, wat beteken dat u kind elke week ‘n lesperiode sal mis. Ons poog om leerders slegs in periodes waar nie-inhoudsvakke aangebied word, vir musiek te neem. U kind sal egter steeds self verantwoordelik wees om die les wat behandel is, in te werk en op datum te bly met sy/haar skool- en huiswerk. Gedurende eksamentye sal klasse vir die eksamenperiode gestaak word.

Die volgende voorwaardes geld:

- Leerlinge moet oor ‘n goeie akademiese rekord beskik en akademies na wense vorder.
- **Keuring sal plaasvind vir Blokfluit (vanaf graad 2), Klavier (vanaf graad 3) en Kitaar (vanaf graad 4).**
- Leerlinge moet oor ‘n eie instrument beskik om by die huis te kan oefen.
- Leerlinge moet elke dag oefen om vordering te verseker.

Fooie en strukuur van die lesse:

Opsie	Instrument	Lesstruktuur
A	Blokfluit/ Kitaar/ Klavier/ Perkussie	Groeples per periode @ N$2050 per semester(Jan - Junie, Julie - Des)
B	Blokfluit/ Kitaar/ Klavier	Individuele les per periode @ N$2350 per semester(Jan - Junie, Julie - Des)

Ingesluit by lesse: Toegepaste teorie, dws soos dit noodsaaklik is. Teoretiese terminologie word verduidelik en toegepas.

Heffing van fooie:

- Die fooie is met die aanvang van elke termyn betaalbaar.
- Die fooie sal teen u kind se skoolfondsrekening gehef word.

Staking van lesse:

- Om lesse te staak moet ‘n **termyn** skriftelik kennis gegee word.
- Alle korrespondensie moet gerig word aan Elmari Saayman by elmari.s@wap.edu.na of Aletta Ackerman by aletta@wap.edu.na

Indien u belangstel, voltooi asseblief onderstaande inskrywingsvorm en stuur so gou moontlik na die skool terug. U aansoek sal vroeg in 2023 hanteer word, waarna u skriftelik in kennis gestel sal word van aanvaarding al dan nie. Leerlinge wat gekeur word en dan oor ‘n tydperk NIE na wense vorder nie, nie belangstelling toon nie of nie toegewyd tuis oefen nie, se lesse sal vir die volgende jaar/termyn in heroorweging geneem word.

Musiekdepartement

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

GELOOF HOOP LIEFDE

AANSOEKVORM

INDIVIDUELE– EN/OF GROEPLES IN BLOKFLUIT/KITAAR/KLAVIER VIR 2023

LEERLING:

VOLLE NAAM: _____

VAN: _____

GRAAD: _____

OMKRING DIE OPSIE/S WAARIN LEERLING LES/SE VERLANG:

Opsie	Instrument/Les
A	Blokfluit – Groeples (gr 2-7)
B	Kitaar – Groeples (gr 4 – 7)
C	Klavier – Groeples (gr 3 – 7)
D	Perkussie – Groeples (gr 3 – 7)
E	Kitaar – Individuele les (gr 4 – 7)
F	Blokfluit – Individuele les (gr 2 - 7)
G	Klavier – Individuele les (gr 3 – 7)

OUER/VOOG:

NAAM EN VAN: _____

SELNOMMER: _____

E-POSADRES: _____

SKOOLFONDSREKENINGNOMMER: _____

_____ _____

Handtekening: Ouer/Voog Datum